MEDIAVERKLARING

DEUR DIE MODERATUUR VAN DIE NG KERK IN SA (WES-EN-SUID-KAAP SINODE) OOR GODSDIENS IN SKOLE

22 September 2009

Die moderatuur gee graag sy ondersteuning aan skole wat die afgelope tyd in die spervuur beland het as gevolg van hul godsdiensbeleid. In die lig hiervan verklaar ons die volgende:

1. Ons aanvaar dat die Suid-Afrikaanse gemeenskap bestuur word aan die hand van die waardes van die Grondwet.

2. Ons beroep ons op die Grondwet van die land en in die besonder Artikel 15(2) wat bepaal dat godsdiensbeoefening by staats- of staatsondersteunde instellings toelaatbaar is, mits dit met die nodige sensitiwiteit en sonder dwang benader word.

3. Ons is oortuig daarvan dat daar op kreatiewe maniere gesoek moet word na maniere om godsdiensbeoefening wel in skole `n plek te gee op 'n wyse wat alle betrokkenes se regte respekteer.

4. Ons meen dat die blote uitskuif van godsdiensbeoefening uit skole `n te maklike en eenvoudige oplossing is vir `n te komplekse saak wat die totale menswees van te veel mense raak

5. Die moderatuur onderneem om waar moontlik op kreatiewe maniere saam te werk om hierdie saak vanuit ons geloofsoortuiging, maar terselfdertyd met die nodige sensitiwiteit vir ander, te help hanteer.

6. Ons glo onwrikbaar saam met die oorgrote meerderheid van inwoners van die land dat die evangelie van Jesus Christus `n betekenisvolle rol kan speel in die opbou van ons samelewing.

Dr Braam Hanekom
Namens NGK Moderatuur Wes-en-Suid-Kaap